

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@isales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

Maart 2009 Nummer 75

INHOUDS OPGAWE

Praktiese perfeksionisme

...1

Is u bekeerd?

...3

Evolusie : Feit of fiksie?

...5

Spreek in tale

...9

Luther en die ekonomie

...12

Dreiging van binne-uit

...14

Praktiese perfeksionisme

J Kamphuis

Ons wil in die volgende artikel probeer om die perfeksionisme te beskryf as 'n bedreiging vir die godsug. Diegene wat dink dat hy die volmaaktheid reeds besit, vergeet dat ons *lewenslank* die weldade van Christus, ons Here, deur die geloof moet toe-eien.

Ons kom hierdie perfeksionisme teë in die metodisme en in die pinksterbeweging, met al die verleidings daarvan. Ook wanneer ons hierdie perfeksionisme afwys, kan 'n 'praktiese perfeksionisme' ons nogsteeds bedreig. Ons weet dan hoe om die stelsel af te wys, maar in die praktyk vertoon ons nog trekke van hierdie dwaalleer. Iets meer daaroor in hierdie artikel.

Die wettiese christendom

Alle perfeksionisme word gekenmerk deur *die sweep!* Natuurlik, ons het ook genade nodig. Die perfeksioniste weet dit ook. Maar God vra tog volmaaktheid? So leer die belydenis dit tog ook? As ons dan belydenis van ons geloof aflê, mag die een en ander dan ook van ons verwag word. Daar is tog *twee* 'dele' in die Verbond? Daar is 'n belofte, maar daar is óók 'n eis. Die evangelie is daar, *maar ook* die wet. En nou dryf die eis ons vorentoe: ons sál ...! Dit lyk alles so korrek. Die sweep kom heel 'ortodoks' oor ons lewe. Maar die *lewe uit die geloof* kwyn weg. Hoekom? Omdat ons as Christene *op onself* terugval, in plaas van *op die Christus*. Dit is Hy wat as volkome Saligmaker in Sy bloedstorting en met die rykdom van Sy Gees erken wil word en só die Vrededors vir Sy volk wil wees. Die pad van die regte prediking is hier baie smal!

Die sonde by God se kinders moet inderdaad skerp aangewys word, en die noodsaak van die bekering van die sonde moet op die hart gebind word. Maar altyd sal God se Woord ons moet terugdring na die weldade wat in Christus is en vanuit Hom aan ons toegeëien word. Ook die weldaad van die heiliging waarsonder niemand God sal sien nie. Die eis is skerp en alles-omvattend, maar is *in die Verbond*

nooit sonder die belofte nie. Die lewe uit die geloof is n e ’n lewe onder die sweep nie: ons is *uit die slawehuis* verlos. Daarom ken die geloof (dit is  ok ’n weldaad wat Christus vir ons verwerf het!) die onkrampagtigheid, die blydskap. As ons dit nou so toepas op die Sondag as eerste dag van die week: Ons *vier* die Sondag; blydskap oor die Here wat waarlik opgestaan het! Geen dag van ‘raak nie en smaak nie en roer nie aan nie’, maar ’n dag van fees wat *feestelike re ls* het. Re ls is goed, want die christelike lewe neem ’n konkrete gestalte aan. Solank as wat die re ls maar net diensbaar bly aan die evangelie, aan die *blye* boodskap.

Die selfgenoegsame Christendom

Die praktyk van die perfeksionisme kan ook op ’n ander manier ons lewe binnedring en die godsvrug verdring. Ons kan as gelowiges (terwyl ons alle dryf na metodiese volmaaktheid afwys!) baie tevrede met onself wees. Ons hoor Paulus wat s e: ‘Ek, ellendige mens’ (Rom. 7). Maar die klag is vreemd vir ons. Ons is deur middel van die verlossing tog al verby die ellende? Ons kyk dan ook vreemd op as die Kategismus s e dat ook die  llerheiligstes nog maar net ’n ‘klein begin’ van die nuwe gehoorsaamheid het (Sondag 44 H.K.). Die Kategismus het ’n baie donker bril op oor hierdie saak! Net soos die Nagmaalsformulier, wanneer dit van gelowiges s e (nota bene!) dat ‘ons midde in die dood l e’.

Wat Paulus betref in Rom. 7: Hier kan die teologiese uitlegkunde ons help (so word beweer), deur aan ons ‘te verklaar’ dat Romeine 7 met sy donker stemming (‘as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig’) natuurlik nie van toepassing is op die gelowige en wedergeborene nie. Ons is nie meer *boetelinge* nie en die boetepsalms wyk uit ons lewe. ‘Natuurlik’ (want teoreties bly ons ver van alle volmaaktheids-dryfvere) - ‘natuurlik’ doen ons sonde, maar die sonde maak ons nie meer *onrustig* nie. En so word ’n hoogmoedige mensegeslag gebore!

Ons leer dan ook om op ’n baie arglistige wyse met ons sondes saam te lewe. Bek ring is nie meer nodig nie, ons sien ons sondes oor die hoof. Ons ignoreer dit. Ons kan selfs kwaad word as ons daarop gewys word. Ons kan geen kritiek aanvaar

nie, ook geen kritiek op ons lewensstyl nie. Die vermaning het geen plek meer in ons lewe nie. Verbeel jou ons is tog gelowiges, kinders van God? Hoe kan die tugtiging dan by ons tuishoort? Ons *vergeet* van die vermaning wat ons as s uns aanspreek: ‘My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem’ (Hebr. 12:5,6). Hierdie vermaning is nie meer welkom nie, ons voel self reeds verby di  stadium.

Hierdie selfgenoegsaamheid kan ons ook *kollektief* in sy greep kry. Ons keur dit goed as Christene *verdeeld* vergader en die dood van hul Heer verkondig: eerder goeie bure as om onmin met mekaar te h . Die feit dat ons slegs in staat is om ‘saam met al die heiliges’ te begryp hoe groot die breedte en hoogte en diepte is (Ef. 3:18) – hierdie besef wyk dan uit ons lewe.

Wat kan ander ons tog bied? Wat sou ons van hulle kon leer? Het ons nie self reeds alles in eie huis nie? So word die ware kerk eintlik die volmaakte kerk. *Perfekte* kerk! Hoekom dink ons dat “ander” wel by ons kan leer, maar ons nie by hulle kan leer nie? Omdat hier die geloof *gesluit* is en ons nie meer die weg gaan om alles toe te eien nie!

**Die lewe uit die geloof
is n e ’n lewe onder die sweep nie:
ons is uit die slawehuis verlos!**

Die praktiese perfeksionisme is ’n dodelike gevaar. Dit is so gevaarlik omdat ons vergeet dat ons *ons lewe lank* ons doop moet gebruik – ’n *lewe lank* ons lewe *buite* onself in Christus moet soek. As ons dit vergeet, sal ons ons ook nie meer oefen in die gebed nie. Ons sal nie meer krities na ons lewe kyk om ons nood baie *konkreet* aan die Here voor te l  en om heel *konkreet* die verligting van ons nood van Hom te vra nie. As ons vir onself nie meer “arme sondaars” (Antw. 126 H.K.) is nie, dan word ons gebed ook leeg. Dan – die groot gevaar! – dan trek die Gees Hom ook terug uit ons lewe. Hy, die Heilige wat in ons woon, Hy word bedroef. Hy het geen plek meer in ons lewe nie. *Ons* het geen behoefte meer daaraan om ons *toe te eien* wat ons in Christus het nie. Die Here straf ons dan met

Desire only God and your heart will be satisfied

- Augustine

“geestelike verlating”: ons word aan onself, aan ons selfvoldaanheid oorgelaat. Ja, want hoe sou die gebed lewend kon wees as die Gees van die gebed Hom teruggetrek het? Dan sal die Gees ons ook nie meer toeëien wat ons in Christus het nie. Sy belofte is steeds waaragtig, soos wat Hy dit ook in die doop aan ons verseël het. Maar ons sluit ons hart vir Hom! Die selfvoldaanheid ken geen roep vanuit sy armoede nie. Hier is miskien ’n *ervaring* van rykdom, maar in *werklikheid* is daar leegte.

Is u bekeer?

B Luiten

Onlangs stel ek die vraag in ’n geselskap van gereformeerde mense. ‘Is u bekeer?’ Die gesprek het aanleiding daartoe gegee, asook die aktuele diskussie met opwekkingsgroeperinge. Dit het stil geword na die vraag gevra is. ’n Enkeling het ‘ja’ gesê, die meeste het geaarsel. Niemand het eintlik geweet nie. Jy word tog daagliks bekeer? Jy is tog nooit klaar daarmee nie?

Hierdie selfde vraag kan ook aan jou gestel word terwyl jy op die straat loop. Iemand wil by jou weet: ‘Is u bekeer?’, vriendelik maar vasberade. Self is hy duidelik wél. Daar staan jy dan met jou mond vol tande. ‘Ja, nee, ek weet nie eintlik nie. Ek is besig daarmee.’ Die ander een trek dan baie vinnig sy konklusie: ‘U is seker gereformeerd ...’

Bekering het te make met die wortels van jou bestaan

Daaglikse bekering?

Die skroom om dadelik ‘ja’ te antwoord, is te verstane. ’n Gelowige ervaar nog soveel onsekerheid. Sy gewete kla hom voortdurend aan. Sy gedagtes en begeertes is nog lank nie in orde nie. Sy woorde en dade laat veel te wense oor. As God jou sal meet aan Sy heilige wet, kom jy laaste. Moet jy dan in daardie situasie sê dat jy *bekeer* is? Indien iemand vroeër ongelowig was, is die situasie anders. Diegene kan ’n groot verandering in sy lewe sien.

As jy opgegroeï het in die Verbond met God, wanneer het jy dan die punt bereik dat jou bekering *opreg* is? Daarom dan ook dat vele hulle toevlug in die daaglikse bekering soek. Is dit werklik ’n toevlug? ‘Daarmee besig wees’ is ’n baie wye begrip. Maar wie nie ‘ja’ of ‘nee’ kan sê nie, speel die kritiese vraagsteller in die hand. Sy konklusie sal wees dat dit ’n hangende kwessie in die kerk is. Hy sal jou oproep om verder te probeer kom. Want diegene wat homself nie bekeer nie, sal nie die Koninkryk van God binnegaan nie. Dit is tog so?

Misverstand

Wanneer die gesprek so verloop, is daar sprake van misverstand aan beide kante. Die vraagsteller wil weet hoe ver u is. Hy hou aan u ’n radikale bekering voor, wat u baie verder sal bring as wat u reeds is. Volgens hom kan jy die fase van die sonde heeltemal agter jou laat as jy regtig vir Jesus kies.

Self sien jy bekering as iets alledaags, waarmee jy voortdurend besig is sonder dat jy dit ooit kan bereik. Terwyl die Skrif duidelik tot bekering oproep (Matt. 3:2, 4:17, ens). In die praktyk bly bekering onhelder, dit maak onseker. Terwyl dit tog radikaal moet wees, duidelik en konkreet.

Wat is radikaal?

Die fout in die gesprek is dat by bekering dadelik en uitsluitlik *vorentoe* gekyk word. Hoe gaan jy dit voortaan in geloof doen? Gaan jy die sonde los of nie?

In Pinksterkringe kan mens heel optimisties daarvoor wees. Daar beteken die volwassendoop met name ook dat mens *self* sy ou lewe aflê. Dan is dit ook regtig weg, dan doen jy nie meer sonde nie en hoef jy ook nie siek te wees of te bly nie. Dit kan groot aantrekkingskrag uitoefen, maar intussentyd is dit arm en koud. Want die *vergewing* funksioneer nie, slegs die barmhartigheid bly oor in die vorm van ’n eis. Jy móét barmhartig wees, maar sêlf kry jy geen ontferming meer nie. Want jy sal tog nie meer sondig nie ...?

Hierdie konstruksie is slegs moontlik by ’n oppervlakkige sondebegrip. In Pinksterkringe kan mens dit slegs so volhou, aangesien gedagtes en neigings nie as sonde gesien word nie, maar slegs die dade tel.

Die Christen glo nie dat God ons liefhet omdat ons goed is nie, maar dat God ons goed sal maak omdat Hy ons liefhet. Dit is soos die dak van ’n sonhuis wat nie die son aantrek omdat dit helder is nie, maar dit word helder omdat die son daarop skyn. - CS Lewis

Dit bring ons by die kern van die saak: as dit gaan oor radikale bekering, wat hou die *radikaal* in? Die letterlike betekenis laat ons nie dadelik vorentoe kyk na toekomstige planne en beter dade nie. Want ‘radix’ beteken ‘wortel’: *bekering het te make met die wortels van jou bestaan*. Dus gaan dit juis oor jou gedagtes en jou begeertes, jou innerlike houding voor God. Uiteraard het dit ’n uitwerking na buite toe, maar dit begin nie daarmee nie. Daar mag gevra word na vrugte, maar as jy slegs die resultate tel kan jy baie arm voel, terwyl jy tog ryk is. Baie ryker as wat jy dink.

Bekeer jou!

Die gemeente in Laodicea is behoorlik daarmee gekonfronteer. Hulle was nie warm of koud nie, maar lou (Open. 3:14-22). Daar is reguit aan die gemeentelede (!) gesê: ‘Bekeer u!’ Die mooi is egter dat in daardie klein briefie die diep werklikheid van die bekering omskryf en ingevul word. Dan staan daar iets heel anders as wat menige sou verwag. Daar staan nie, dat ‘n mens eweskielik van alles en nog wat moet begin doen nie.

Nee, mens moet iets begin *bese*f in die geloof. Naamlik, dat mens van nature ellendig, jammerlik, arm, blind en naak is. Om dan só tot Christus te gaan, déur Hom ryk te word, van Hom ’n wit kleed te ontvang en ’n nuwe manier van kyk.

Die vraag is dus: wie of wat is jou lewensbron? Is dit *in* -jousef of *buite* -jousef, in Christus? Deur wie leef jy? Deur jousef of deur Hom? Bekering het dus inderdaad alles met die *wortels* van ons bestaan te make. Heel prakties: uit watter bron drink die wortels?

Wel, elkeen wat bese

Gebed

Sê dit veral só in jou gebed vir God self. In hierdie

brief aan Laodicea staan ook die bekende teks:

‘Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My’ (Open 3:20). Daar is mense wat by hierdie teks al die klem daarop lê dat jy self die deur moet oopmaak. As jy dit nie doen nie, staan Jesus buitekant.

Bekering is om ... te deel in Christus se lewe

Verseker, dit het ’n kern van waarheid. Maar die geheel van die brief werp tog ’n ander lig oor hierdie teks. Dit gaan juis daarvoor dat jy bese

So ‘n (oggend)gebed is nie openlik aan die buitekant sigbaar vir elkeen om te sien nie, maar dit is die verskil tussen lewe en dood.

Wedergeboorte

Bekering is ’n diep werklikheid. Dit is om uit genade alleen te deel in Christus se lewe. Daarom word dit ook *wedergeboorte* genoem: as die wortels van jou lewe ’n ander bron kry is dit soos ’n nuwe geboorte, die begin van ’n nuwe bestaan.

Bekering en wedergeboorte: dit is twee kante van dieselfde saak. In ‘bekering’ klink duidelik dat God die keuse van jou vra. Jy word daartoe opgeroep. In ‘wedergeboorte’ klink sterk deur dat jy dit van God moet ontvang, deur die Heilige Gees. ’n Geboorte is immers iets wat met jou gebeur, jy het self geen invloed daarop nie. So is Christen-wees ’n groot geskenk én ’n diepe bewussyn, iets wat jy ontvang én wat gevoed moet word.

Daaglik

Die bekering as ’n nuwe geboorte mag jy dus reguit

If you believe what you like in the gospel,
and reject what you don't like –
it's not the gospel you believe, but yourself

en dankbaar bely, wanneer Christus jou lewensbron is. Dit sluit nie uit dat die nuwe lewe nog groei te wagte is nie. Daarom kom jy ook hierdie betekenis van bekering in die Skrif teë, sonder dat die een op gespanne voet staan met die ander. Aan die gelowiges (!) in Efese word geskryf, dat dit die waarheid is in Jesus dat hulle hul ou mens aflê en die nuwe aantrek (Ef. 4:22). Dit staan daar geskryf as 'n aktiwiteit in die onvoltooide teenwoordige tyd.

Vergelyk dit met die vergewing van sonde. Jesus kon sê: 'U sonde *is* vergewe'. Tog leer Hy ons 'n gebed, om *daaglik* vir vergewing te vra. Is dit teenstrydig? Nee, ons leer só dat ons lewe in Christus is: wie in Hom *is*, sal ook steeds meer vernuwe *word* na Sy beeld. Hierdie "*word*" is nog nie voltooi nie, maar wanneer dit deel is van ons lewe, dan *is* ons in Hom. Bely dit dan, voluit!!

Evolusie: Feit of fiksie?

C Saayman

Vanjaar word Charles Darwin se 200ste geboortejaar wêreldwyd herdenk. Hy kan beskou word as die vader van die evolusieteorie. 'n Mens kan verstaan dat die mensdom van alle kante af behoorlik deurweek sal word met allerlei propaganda wat die evolusieteorie besing en bevorder as gesonde wetenskap. Sommige Christene is sonder woorde en teenargumente teen hierdie oormag. Talle Christene besef nie dát daar goeie antwoorde bestaan nie. Hulle besef ook nie dat dit hoegenaamd nie nodig is om die Bybel met die evolusieteorie te probeer versoen nie. Die Bybelse skeppingsleer, soos die onfeilbare Skrif dit openbaar, is volkome genoegsaam en absoluut akkuraat. Laat ons dus 'n klompie paragrawe wy aan hierdie belangrike aangeleentheid.

Wat word verstaan onder "evolusie"?

Daar is verskillende soorte evolusie:

A: KOSMIES: Tyd, ruimte, lewe en materie het 20 Biljoen jaar gelede uit 'n oerknal ontstaan. Lewe het dus ontstaan vanuit nie-lewende materie.

B: MAKRO EVOLUSIE: In samehang met Kosmiese Evolusie: een *soort* lewende wese het

met verloop van tyd verander in 'n totaal ander *soort* lewende wese. 'n Hond het dus vanuit 'n nie-hond ontstaan en oorspronklik uit rots/grond.

C: TEÏSTIESE EVOLUSIE: God het alles geskep d.m.v. Kosmiese & Makro Evolusie.

D: MIKRO EVOLUSIE: Ontwikkeling & verandering binne dieselfde soort.

E: Die enigste alternatief tot A-C is die Bybelse Skeppingsleer wat op geen manier met A-C versoen kan word nie.

2. Kosmiese Evolusie verder omskryf:

a. Die Bybelse getuienis word gewoonlik byvoorbaat verwerp (Is dit ware wetenskap?). Die Bybel en bybelse Skeppingsleer word met minagting beskou. Slegs onopgevoedes klou nog aan só iets vas. Genesis 1-11 word beskou as die reste van primitiewe nomadiese stamme se kampvuurstories.

b. Inhoud van die teorie: 20 biljoen jaar gelede het dit gebeur dat alle materie in die heelal (waar het die materie/energie vandaan gekom?) gekonsentreer was in een, digte en baie warm omgewing wat kleiner as 'n kolletjie op papier was. Vanweë 'n onbekende rede het dié kolletjie begin spin en ontplof. Hedendaagse Evolusioniste reken dat dit *nie* gekonsentreerde materie was wat in die kolletjie saamgepers was nie, maar dat dit totaal *niks* was nie! 'n Piepklein ruimte gevul met *niks* het 20 biljoen jaar gelede ontplof. 4.6 Biljoen jaar gelede het die aarde uit die nagevolge van daardie oerontploffing gevorm en geweldig afgekoel en 'n rotsagtige oppervlakte het ontstaan. Daarna het dit miljoene jare lank op die rotsagtige oppervlak gereën sodat die rotsagtigheid verander het tot 'n chemiese sop. 3 Biljoen jaar gelede het léwende organismes vanuit daardie chemiese sop ontwikkel: DNA en RNA het op die dieselfde oomblik naas mekaar ontwikkel sodat lewe kon ontstaan. Hierná het Makro Evolusie in werking getree.

c. Letterlik alles wat in skoolhandleidings of op TV programme soos 50/50 *as feite* gestel word, word terugherei tot hierdie onbewese teorie. Let daarop dat *elke deeltjie* van die teorie *onbewese* is. Tóg word dit gereken as ware wetenskap.

The day we find the perfect church,
it becomes imperfect the moment we join it..

- CH Spurgeon

3. Konsekwensies van die Evolusieteorie:

a. Die skepping het homself geskep. God is oorbodig. Die mens is 'n dier. Daar is nie absolute waardes en waarheid nie. Die mens is aan niemand verantwoordelik nie.

b. Die basiese lewensvrae waarmee elke mens worstel, word onbeantwoord gelaat. Vrae soos: Wie is ek? (Antw: Niks & niksword), Waar kom ek vandaan? (Antw: Chemiese sop), Waarom is ek hier? (Antw: Geen doel) en Waar gaan ek heen? (Antw: Die graf om gehersirkuleer te word tot wurm of bemesting).

c. In geval van Teïstiese evolusie: die Bybel (veral Genesis) moet totaal verdraai word sodat die konsep van 'n ou aarde asook die inhoud van die evolusieteorie daarby kan inpas.

d. Volgens die teorie van evolusie raak alles beter en beter. Wat dan van die tweede wet van termodinamika waarvolgens alles neig tot wanorde?

e. Volgens die Skrif het die dood met die sondeval begin (Rom. 5:12), maar volgens evolusieteorie was daar reeds iets soos dood miljoene jare vóór die mens se bestaan. Die evolusieteorie bring die Evangelieboodskap ernstig in gedrang. Dit is nie maar net 'n bysaak wat ons gemaklik kan ignoreer en voortgaan met kerkwees nie! Dit is 'n teorie wat duisende mense negatief stem teenoor die Evangelieboodskap en die Bybel as Woord van God.

4. Vrae waarop evolusioniste nie antwoorde het nie:

a. Waar het materie en energie vandaan gekom vóór die oerknal?

b. Hoe kan wanorde/chaos tot orde beweeg sónder dat daar 'n kragtige eksterne faktor tussenbeide kom?

c. Hoe verklaar 'n mens die aanwesigheid van 100 triljoen selle in die menslike liggaam? Die selle is só klein dat 'n miljoen binne 'n kolletjie op papier kan inpas. Tog is elk 'n geprogrammeerde rekenaar in eie reg. Elke sel is gelykstaande aan 'n besige fabriek en die kern (nukleus) van die sel 'n

dataproceserende rekenaar. Binne elke nukleus is DNA, die instruksiehandleiding vir alles wat met die liggaam gebeur. RNA is die boodskappers wat die opdragte van die nukleus na die sel self oordra. Hoe verklaar 'n mens dit dat 'n enkele sel meer kompleks as 'n stad soos Kaapstad is?

d. Komplekse DNA en RNA (proteïen) kan nie sonder mekaar bestaan óf funksioneer nie. Beide moes dus gelyktydig en op dieselfde plek d.m.v. evolusie ontstaan het (dit is onmoontlik om die een sonder die ander te hê), andersins was die ontstaan van lewe totaal onmoontlik. Sou so iets per toeval moontlik kon wees? Volgens die onbewese evolusieteorie het beide RNA en DNA miljoene jare gelede per toeval vanuit chemiese sop ontwikkel. *Toeval en miljoene jare* het alles laat gebeur! Dit is egter 'n blote teorie wat nooit bewys kan word nie.

5. Kán die aarde miljoene jare oud wees?

a. Indien die mensdom 3 miljoen jaar op aarde is, sou die wêreldbevolking vandag soveel gewees het dat 150000 mense elke vierkante duim gevul het.

b. Die aarde draai gaandeweg stadiger. 3 Miljoen jaar gelede sou die aarde só vinnig gedraai het dat oggend en aand mekaar blitsvinnig sou opvolg. Winde van tot 5000km/h sou menslike lewe onmoontlik maak.

c. Die maan beweeg gaandeweg al verder weg van die aarde. 3 Miljoen jaar gelede sou die maan dus só naby aan die aarde gewees het, dat die oseane die vastelande sou oorstroom.

(Lees asb verder by:

<http://www.answersingenesis.org/articles/am/v2/n2/key-age-of-earth>)

6. Is Genesis poësie of historiese narratief?

Teïstiese evolusioniste probeer om die Kosmiese Evolusieteorie met die Bybel te versoen. Omdat die Genesisverhaal geen opening laat vir só 'n "versoening" nie, word daar gesê dat die eerste hoofstukke van Genesis poëtiese/allegoriese taal gebruik en nie letterlik verstaan moet word nie. Die

Men do not reject the Bible
because it contradicts itself
but because it contradicts them

6 dae waarin God geskep het, moet as 6 periodes van miljoene jare verstaan word, ensovoorts. Die probleem is net: Genesis 1-3 gee nie sêlf 'n aanduiding dat dit poësie/allegorie is nie. Volgens Genesis 1-3 se *selfgetuienis*, is dit historiese narratief. Byvoorbeeld:

a. Genesis 1-11 gebruik die tipiese Hebreeuse grammatiese strukture wat vir historiese narratiewe gebruik word soos die sogenaamde “waf konsekwentiewe” wat die verhaal aanmekaar bind. Presies dieselfde grammatiese strukture word in die res van Genesis en Eksodus, Josua en Rigters gebruik.

b. Die spesifieke Hebreeuse werkwoordvorme wat Hebreeus gebruik om reekse historiese gebeure weer te gee, word hier gebruik naamlik perfektums wat deur 'n reeks imperfektums opgevolg word.

c. Parallelismes, wat 'n kenmerk van Hebreeuse poësie is (bv. in die Psalms) is afwesig in Genesis 1-11.

d. Die res van die Ou Testament neem Gen. 1-3 as historiese feite. Bv. Eksodus 20:10 waar die instelling van die Sabbatdag (as gewone 24 uur dag) gebaseer word op die 6 skeppingsdae en 7de rusdag.

e. Die Nuwe Testament verstaan Genesis 1-11 as historiese feite. Dink maar aan 1 Tim. 2:13-14, 2 Petr. 3, Hebr. 11, Luk. 3, ensovoorts.

f. Jesus het Adam, Eva en Noag as werklike historiese figure geag: Matt. 19:3-6, Mark. 10:2-9, Lukas 11:51, Matt. 24:37-39. Jesus plaas die mense se ontstaan aan die begin van die skepping en nie aan die einde van biljoene jare nie (Mark. 10:6, Luk. 11:50-51). Dit is veel veiliger om Genesis 1-11 as historiese narratief te aanvaar omdat die teks self duidelik die intensie het om juis dít te wees. Indien ons daarvan afwyk, baseer ons ons sienings op menslike subjektiewe opinies waarvan niks bewys kan word nie. Dít is dryfsand.

7. Die beslissende faktor: Die vloed van 4400vC.

a. Die vloed in die tyd van Noag word totaal buite rekening gelaat deur die Evolusioniste en selfs as fiksie afgemaak. Feit is: indien die aarde in ongeveer 2300 v.C. *vergaan* het, soos die Skrif dit

beskryf, werp dit letterlik alle teorieë en bevindinge van die evolusioniste omver en verklaar dit alles waarom daar tot op hede slegs gegis word. Byvoorbeeld waarom die aarde so oud lyk, waarom die mense so oud geword het voor die vloed, waar die fossiele vandaan kom, waarom die fossiele oënskynlik so oud dateer, waar dinosourusse in die prentjie pas, ensovoorts.

b. Selfs Christene wat die Skrif ernstig neem, laat die vloed buite rekening omdat daar verkeerdelik oor die vloed gedink word en nie volgens die manier waarop die Skrif dit beskryf nie. Mense is geneig om te dink aan 'n groot reënvloed soos ons dit vandag ken, wat slegs die destydse Mesopotamië oorstrom het. Dit is egter nie wat die Skrif leer nie. Die Skrif leer dat die hele wêreld *vergaan* het. Dink aan **2 Petrus 3:5** – “Die spotters vergeet moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die Woord van God uit water en deur water ontstaan het (letterlik: “wat uit die water gestaan het en in die water gestaan het”). En dit was ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het. Maar dié hemel en dié aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur.” Sódanig het die wêreld vergaan, dat die Gees deur Petrus na die wêreld vóór die vloed verwys as “n” aarde.

c. Hoe kon die aarde vergaan het slegs a.g.v. gewone stortreën? Antwoord: dit was nie gewone reën nie. Voor die vloed het dit nooit gereën nie. Volgens **Genesis 2: 5-6** het die Here aanvanklik die aarde bevogtig d.m.v. 'n mis wat uit die aarde opgekom het. Daar was watermassas binne-in die aarde (en daar is – volgens geoloë - vandag steeds genoeg water binne die aarde om die oseane 10 maal te vul!!). **Psalm 136:6** - “Hy het die aarde *op* water gevestig.” Daar was ook watermassas bó die atmosfeer. Sien **Genesis 1:6 & 7**– Toe het God gesê: 'Laat daar 'n uitpansel wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei.' God het die uitpansel gemaak en die waters onder die uitpansel geskei van die waters bo die uitpansel.” Die “uitpansel” moes die atmosfeer wees, want die voëls het daaronder gevlieg: **Genesis 1:20** - “Laat daar voëls deur die uitpansel bo die aarde vlieg.” Dit het veroorsaak dat die aardbol in 'n soort “green house” was. Watermassas wat die atmosfeer omring,

Die bepalende faktor van my lewe is nie meer my verlede nie.
Die bepalende faktor is Christus se verlede.

- S Ferguson

sou die lugdruk byna verdubbel het wat sou veroorsaak dat die mens baie makliker asemhaal en baie meer suurstof het. Dit verklaar dalk die groot ouderdomme wat die mense bereik het asook die grote van die drake (dinosaurusse). Tydens die vloed het die Here watermassas van twee kante gelyktydig gestuur: van binne die aarde en van bó die atmosfeer. Sien Genesis 7:11-12- “Presies op die 17de van die 2de maand het die fonteine van die groot waters oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak.” (Letterlik: “die fonteine van die groot diepte het uitgebars en die sluise van die hemel is geopen.”). Die water onder die aarde kom uit en die water bó die atmosfeer word losgelaat. Vir 40 dae lank het dit sonder ophou aangehou. Dít het die aarde laat vergaan. Dink maar watter skade het slegs één golf tydens die Tsoenami van 2004 veroorsaak. En dit het slegs 'n paar minute geduur!

d. Die dinge wat evolusioniste deesdae as bewyse sien van miljoene jare se evolusieprosesse, is niks anders nie as getuïenisse van die aarde wat 4300 jaar gelede deur water vergaan het. Indien 'n mens eenmaal weet dat hierdie katastrofe plaasgevind het, sien jy oral bewyse daarvan. Jy verwag dat daar oral op aarde oorblyfsels gevind moet word van plante en diere wat skielik begrawe is in modderslyk. Dit is inderdaad só. Die miljoene fossiele getuig daarvan. 'n Plant of dier kan slegs fossieleer deur plotseling begrawe te word en nie deur 'n begraweproses wat miljoene jare duur nie. Dán sou dit verteer word. Daar word algemeen aanvaar dat verskillende lae rots en klip impliseer dat d.m.v. 'n baie stadige proses gevorm het. Dit is egter onwaar. Berg St. Helens se vulkaan het in 18 Mei 1980 ontplof en 8 meter van netjiese lae sediment in slegs 3 ure gevorm. Dit is 200 nuwe lae in 190 minute. Geoloë het besef dat veelvuldige lae sediment baie gou kan vorm. Tog het geoloë die nuutgevormde rotslae radiometries dateer en bevind dat dit honderde duisende jare oud is! 'n Bewys hoe onakkuraat die dateringsmetodes is.

(lees verder by:

<http://www.cbn.com/CBNnews/242131.aspx>)

Canyons het ook nie miljoene jare nodig om te vorm nie. Dit lyk asof die Burlingame Canyon in

Noordwes VSA oor baie duisende jare geërodeer het totdat geoloë voor hul oë gesien het hoedat 'n vloed, massiewe erosie in slegs enkele dae veroorsaak het. Ook rotse hoef nie noodwendig miljoene jare te neem om te verhard nie. Ene John Heffner het 'n merkwaardige foto by 'n meul in die VSA geneem waar 'n reuse sak meel binne enkele weke in egte rotsklip verander het nadat dit deurdrenk is met minerale water.

8. Die Bybelse leer van die Skepping:

Indien 5000 totale leke Genesis sou lees, sou al 5000 tot dieselfde konklusie kom (dit is hoe Genesis gelees wil word. Geen spesiale kursus is vooraf nodig om Genesis “reg” te lees nie): Ongeveer 6000 jaar gelede het God alles wat bestaan oor 'n periode van 6 gewone dae geskep deur slegs 'n Woord te spreek. Adam & Eva was die eerste mense. Hul sondeval het dood en verwoesting in die skepping gebring. Ongeveer 4500 jaar gelede het die aarde totaal vergaan d.m.v. 'n watervloed. Slegs diegene wat in die Ark was, het op die nuwe aarde uitgestap. Uit hulle is die aarde weer herbevolk.

Volgens ons Here Jesus self, het die skepping van die eerste mense saamgeval met die “begin”, die skepping van alle dinge. **Markus 10:6** - “Van die begin af, van die skepping af, het God hulle man en vrou gemaak.” Hy moes geweet het, want Hy was betrokke by die skepping. **Kolos. 1:16** - “Deur Christus het God alles geskep.” Óf Jesus het nie moderne wetenskap verstaan nie, óf Hy het ons mislei, óf Hy was reg. Dit was deur Adam se sonde wat die dood vir die eerste keer ingetree het. **Romeine 5:12** - “Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood en só het die dood tot alle mense deurgedring.” **1 Kor. 15:21-22** - “Die dood het deur 'n mens gekom. Almal sterf deur hul verbondenheid met Adam.” Daar is geen twyfel dat Adam die heel eerste mens was nie. **1 Kor. 15:45** - “Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword.”

Baie belangrik is om die werklikheid van die vloed te sien presies soos die Skrif dit leer. Die destydse aarde het letterlik vergaan (Gen. 9:11). Die impak hiervan het die potensiaal om die meeste daterings en teorieë van die evolusioniste omver te werp. Die

Ek is geregverdig en word deur God aanvaar
ook al is daar sonde, ongeregtigheid
en angsk vir die dood in my.

- M Luther

daterings wat evolusioniste toepas sal totaal uit die kol wees indien die aarde aan die impak van die wêreldvloed onderworpe was, soos die Skrif dit beskryf. Dit wat soos 'n baie *ou* aarde *lyk*, kan in werklikheid 'n baie *jong* aarde wees! 'n Groot verrassing wag op derduisende mense wanneer die Here in die jongste dag openbaar dat Sy Woord die waarheid was (Matt. 24:30 – die mensdom sal “verslae staan”). Ten einde geloofwaardig te wees as wetenskaplikes, sal evolusioniste op die punt moet kom om nie by voorbaat die Bybel - as belangrike getuigenis - van die tafel te vee nie, maar dit deeglik te verreken en te interpreteer soos wat die Bybel homself aandien om te wees.

Volgende maand 'n volledige beskrywing van die Koolstof-14 dateringsmetode.

Spreek in tale

L Floor

By die bespreking van die spreek in tale (glossolalie) moet ons daaraan dink dat dit nie net 'n spesifiek Christelike verskynsel is nie. Dit kom ook voor by ander heidense godsdienste. By bepaalde vorme van Judaïsme en die Islam kom spreek in tale ook voor. Dit is ook bekend dat die Boeddhistiese monnike ook in tale praat. By die Venda's dans die heidense vroue die sg. 'malombo'. Dit is 'n soort besetenheidskultus wat merkwaardige kenmerke vertoon met die glossolalie.

Die moontlikheid van sulke uitinge hou verband met die religieuse grondgevoelens van 'n mens. Onder toenemende mate groei die oortuiging onder geleerdes (binne sowel as buite die charismatiese beweging) dat 'n spontane, nie-konseptuele vrye vokalisering 'n universeel menslike vermoë is. Net soos die besnydenis ook bekend was onder die heidense volke, het God die verskynsel van spreek in tale in die Christelike godsdiens ingebring.

Waarom het God dit nodig geag? W.A. Mills, in sy *Theological interpretation of tongues* (1968), veronderstel dat die rede gesoek moet word in die situasie waarin die vroeë kerk verkeer het. Die kerk het ontstaan in 'n heidense en buitengewoon

vyandige omgewing. Deur hierdie gawe moes aan die ongelowiges duidelik gemaak word dat die evangelie legitiem was. Wel is toetsing van hierdie gawe van die uiterste belang. Die maatstaf of die spreek in tale werklik deur die Heilige Gees geïnspireer is, is die belydenis of Jesus die Kurios, die Here is (1 Kor. 12:3).

Handelinge

Die eerste vraag wat ons by die glossolalie moet bespreek is, is of daar 'n verskil of ooreenkoms is tussen die tongetaal in die gemeente van Korinte en die taalwonder in Hand 2. Dit is nie so maklik om uit te maak of daar op Pinksterdag sprake is van 'n spraak- of 'n hoorwonder nie. F.W. Grosheide, in sy kommentaar op Handelinge (1942), meen dit is albei. Daar is egter 'n saak daarvoor uit te maak dat dit net 'n spraakwonder was, aangesien die Gees op die sprekers en nie op die hoorders was nie.

Die ooreenkoms tussen Handelinge en Korintiërs is dat God geprys word. Die verskynsel van spreek in tale in die boek Handelinge moet nie met die prediking verwar word nie. Die verskynsel gaan aan die verkondiging deur Petrus vooraf. Die spreek in tale is dan ook nie bedoel as 'n soort sendingprediking, 'n internasionale verkondiging aan alle volke nie.

Die verskil is dat op Pinksterdag in bekende ander tale gepraat word (Hand. 2:4). Hier word die tongetaal geteken as begeleidingsverskynsel van die vervulling met die Heilige Gees. Op grond van hierdie verband oordeel die charismatici dat die spreek in tale die bewys by uitstek is dat iemand met die Heilige Gees gedoop is. Dit word dan ook 'n "second blessing" genoem. As hierdie teks die betekenis het wat charismatici daaraan heg, val dit vreemd op die oor dat daar geen enkele parallel by Paulus gevind word nie. Tereg kan gevra word of die geweldige rukwind en die tonge soos van vuur dan nie ook op elke Geesvervulde persoon hoorbaar en sigbaar moet wees nie?

Hierdie besondere vorm van praat kom nog enkele kere na Pinkster voor. Telkens as die evangelie 'n nuwe kring bereik, dan bevestig God deur die teken dat Hy aan die werk was. Hy bevestig so dat die nuut

Till men have faith in Christ,
their best services are but glorious sins..

- T Brooks

bereiktes ook by sy volk behoort. Agtereenvolgens gaan dit om die Samaritane (Hand. 8:14-17), die heidene (Hand. 10:44-47, 11:15-17) en die dissipels van Johannes (Hand. 19:6). By die doop van Cornelius sê Petrus uitdruklik: die Heilige Gees word op hom uitgestort net "soos in die begin op ons" en "op volkome gelyke wyse as by ons" (Hand. 11:15-17). Vanweë die ooreenkoms met die Pinkster-gebeure is dit voor die hand liggend om te aanvaar dat ook in Samaria, in die huis van Cornelius en deur die dissipels van Johannes die Doper in bekende tale gepraat is.

Deur hierdie gawe moes aan die ongelowiges duidelik gemaak word dat die evangelie legitiem was

1 Korinthiers 12-14

Is die gebeure in Korinthiërs se gemeente dieselfde as wat Lukas vir ons beskryf in Handeling? Gaffin is van mening dat dit so is. Hy grond sy stelling daarop dat die woorde vertaal kon word en dat die hoorders dus 'n openbaring deur vertaling van die Heilige Gees ontvang, 'n onthulling van 'n geheimenis van God.

Wat die openbaringskarakter betref het Gaffin gelyk. Hy sien egter oor die hoof dat die tale in Handeling bekende tale was terwyl daar geen sekerheid is dat die tale in Korinte bekende tale was nie. Die funksie van die tale verskil ook. In Handeling is die tale 'n teken van die koms van die Heilige Gees, 'n aanduiding van die deurbraak van die koninkryk van God na 'n nuwe gebied. Die taal is wel op God gerig maar ook op die hoorders. In Korintiërs word die taal gebruik om te bid. Dit is 'n gebedsvorm wat nie deur mense verstaan word nie en is primêr op God gerig. Hierdie gawe het ook 'n opbou funksie.

Die groot vraag is nou, wat is die nut om in tale te praat wat mens nie verstaan nie? Ten eerste is dit 'n teken deur God gegee wat die aanwesigheid en die werking aandui van die Heilige Gees in die kerk voor die ongelowiges wat deur hierdie gawe kan

weet dat God regtig in die gemeente teenwoordig is. Tweedens is hierdie gawe ook vir die gelowige wat hierdie gawe ontvang met die oog op die opbou van sy geloof.

Waar gebed deur die Heilige Gees as glossolalie plaasvind, word met die persoon se gees (grieks = pneuma) gebid. Gaffin vertaal dit verkeerd as hy meen dit slaan op die Heilige Gees. Dit gaan hier om die mens se gees. Die menslike gees wat vernuwe is, word 'n instrument van die Heilige Gees. Maar die verstand (grieks = nous) van die bidder bly onvrugbaar. Dit beteken dat die bidder intellektueel oor dit wat gebid word, geen oordeel kan vorm nie. Die inhoud van die gawe is 'n misterie, 'n openbaring van die Gees.

Tog word die een wat bid self opgebou volgens Paulus se opmerking in 1 Kor. 14:4. Die nut moet dus op 'n ander terrein lê. Grosheide skryf dat die inhoud van die gebed vir die bidder geen wins bring nie, maar dat hy oortuig word dat hy die Heilige Gees deelagtig is. Die bid in tale is 'n gebedsgawe wat in verband staan met danksegging en lofprijsing. Muhlen (*Charismatic Theology*, 1978) sê dit is 'n meer intensiewe gebedsbeleving.

Drie vrae moet egter nog beantwoord word:

- 1 Is daar in Rom. 8:26-27 ook sprake van 'n gebed in 'n taal?
- 2 Is bid in tale alleen maar die uiting van klanke of moet ons aanvaar dat die gebed ook 'n kognitiewe, kennisinhoud het?
- 3 Hoe moet ons die moderne spreek in tale beoordeel?

Romeine 8

Daar is geleerdes wat die sugtinge van die Gees in Rom. 8 sien as die uiting van 'n glossolale gebed. Dit is egter nie korrek nie. Die gebed van die Gees in Rom. 8 geld vir elke gelowige, terwyl in 1 Kor. 14:2 iemand bedoel word wat die gawe daartoe ontvang het. Die gawe van spreek in tale is nie aan elke gelowige gegee nie (1 Kor. 12).

Xenoglossia of glossolalie

Calvyn maak oor 1 Kor. 14:14 die nugter opmerking dat die gawe van spreek in tale nie bedoel is om

In geloof kan ek sê dat ek genees word deur my siekte, verryk word deur my armoede en gesterk word deur my swakheid.

geluide te maak nie, maar ten doel het om te kommunikeer. Is daar sprake van xenoglossia (om 'n vreemde bestaande taal te praat wat die spreker self nie verstaan nie) of van glossolalie (om verbale patrone uit te spreek wat nie geïdentifiseer kan word as 'n menslike taal nie). Met ander woorde: is glossolalie 'n taal met 'n eie woordeskat, grammatika en sintaksis?

Uitvoerige studie het aangetoon dat met die Griekse woord "glossa" (tong, taal) nêrens 'n nie-kognitiewe uiting bedoel word nie. Trouens dit moet so wees, anders sou dit onmoontlik wees om deur middel van 'n ander gawe, naamlik die gawe om tale uit te lê, die spreek in tale te vertolk.

Of dit 'n bekende taal is, weet ons nie. Paulus verwys na tale van mense en engele (1 Kor. 13:2). Dit is wel duidelik dat die spreek in tale geen invloed op die verstand het nie. Die uitwerking daarvan moet dus op 'n ander terrein lê, soos om emosie en gevoel uit te druk.

Vandag?

Dit bring ons by die huidige toedrag van sake. Uiteraard is die aanhangers van die charismatiese beweging byna onkritiese verdedigers van spreek in tale, veral dat dit sou dui op die doop met die Gees, as 'n "second blessing". Maar dit steun op 'n verkeerde hantering van Handeling. Die wyse waarop Lukas oor die gawes praat, bied geen ruimte om daaruit 'n individuele Christelike ervaring te verdedig nie. Die charismatici se eksegeese is hermeneuties ongekontroleerd

Ook het baie moderne taalkundiges ondersoek ingestel na die verskynsel van spreek in tale. Duisende opnames daarvan is al beluister en die bevinding is eenstemmig dat nêrens die patroon van 'n bekende menslike taal vertoon word nie. Die ondersoek is in verskeie kulture gedoen met die merkwaardige bevinding dat die spreek in tale nou verband hou met die persoon se moedertaal. Dit is byvoorbeeld vir 'n mens wat meertalig is, moeiliker om in tale te praat, omdat hulle 'n ander houding het ten opsigte van vreemde klanke. Baie het hieruit afgelei dat die moderne spreek in tale iets anders is as wat mens in Handeling vind. Oor die moderne gawe van vertolking of uitleë van spreek in tale is die ondersoekers ook maar bra skepties. Oor

die algemeen is die interpretasies stereotiep, vaag en bied weinig informasie.

Dit is moeilik om te aanvaar dat alle spreek in tale soos dit gemanifesteer word in die kontemporêre charismatiese beweging, die werk van die Heilige Gees is. Twyfel is geregtig as daar gelet word op hoe onkrities en gemaklik soms uit die charismatiese beweging omgegaan word met ander religieuse tradisies soos byvoorbeeld die van die Rooms-Katolieke Kerk.

Waaksaamheid oor die kwessie is dus belangrik. As Páulus dan al die Korinte gemeente waarsku om die gawe nie eensydig oordrywend te ooraksentueer nie, hoeveel te meer moet ons dan nie op ons hoede wees nie. Paulus stel dan ook baie duidelike voorwaardes waaraan voldoen moet word indien dit voorkom. Aan die ander kant word die gelowiges vermaan om die spreek in tale nie te belemmer nie.

Wat beteken dit vir ons? Paulus wys die spreek in tale nie af nie. Tog wys hy die regmatige plek daarvoor aan. Spreek in tale is met betrekking tot die opbou van die gemeente van 'n mindere orde as die gawe van profesie. Die spreek in tale lê meer op 'n individuele vlak.

**... is dit 'n teken deur God gegee
wat die aanwesigheid
en die werking aandui
van die Heilige Gees in die kerk
voor die ongelowiges**

Ons mag nie 1 Kor. 14:30 opbreek in twee dele asof die eerste deel vandag nog geld en die tweede deel alleen vir die apostoliese tyd sou gegeld het nie. Daarom kan ons nie sê dat die tyd van die besondere gawes, dus ook die spreek in tale, se tyd verby is nie. Calvyn laat die moontlikheid oop dat God weer opnuut (wanneer dit nodig sou blyk, as die verval ernstige afmetings aangeneem het), besondere gawes uitdeel. Hy ag dit nodig om die suiwer leer te herstel.

Tussen 1 Kor. 12 en 14 staan natuurlik hoofstuk 13 wat handel oor die liefde. Die liefde as uitstaande kenmerk van die vrug van die Gees moet die regulerende beginsel wees by die gebruik van die

Defend the Bible?
I would as soon defend a lion!
Unchain it and it will defend itself..

- CH Spurgeon

gawes van die Gees. Wie die puriteine lees, besef dat hulle sonder spreek in tale 'n diep en hooggestemde geestelike lewe gehad het.

Ons moet egter ook Paulus se vermaning ter harte neem om nie die spreek in tale te verhinder nie. Maar daarmee saam moet die toetsing en beoordeling daarvan nie uitgesluit word nie. Die hedendaagse verskynsel daarvan moet ons tot die uiterste terughoudendheid oproep.

Luther en die ekonomie

E Viljoen

Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde. Dit is 'n bekende gesegde wat baie waar is van die mensdom se sig op die omgaan met aardse besittings. Wat ook al verander het in die funksionering van die ekonomie van 'n land, is daar al hoe meer faktore wat tog maar dieselfde bly. Die kerkhervormer, Martin Luther, het geen geringe invloed gehad op die ontwikkeling van visie op die ekonomie nie. In menigte opsig bly soveel van sy waardevolle insigte net so relevant en aktueel vir vandag.

Aalmoese en armoede

Gedurende Luther se hele lewe, het hy 'n stryd aangegaan teen wat hy gesien het as die twee gesigte van Mammon. Aan die een kant was daar 'n asketiese wegvlug van geld waarin armoede as 'n deug verheerlik is. Andersyds het hy in konfrontasie gekom met 'n onbeskryflike gierige versamel van aardse rykdom ten koste van die gelowige lewe met die Here, die ontwikkeling van die samelewing en die oorlewing van die naaste.

... 'n persoon se waarde nie bepaal word deur wat iemand besit of nie besit nie, maar eerder deur God se beloftes

Luther se basis vir die stryd wat hy aangegaan het vir die twee vorme van "Mammonisme", was die wonderlike ontdekking dat 'n persoon se waarde nie bepaal word deur wat iemand besit of nie besit

nie, maar eerder deur God se beloftes in Christus. Rykdom en geld is nie heer van ons lewe nie, maar 'n genadegawe van God waardeur my naaste gedien kan word en waarmee 'n mens diensbaar kan wees aan die opbou van die gemeenskap. Binne die Middeleeuse konteks van aalmoese, armoede en barmhartigheid, het Luther se verstaan van regverdiging deur geloof alleen, 'n aardverskuiwing gebring in mense se waardering van en sig op armoede.

Aangesien verlossing eerder die basis as die doel van ons lewe is, en aangesien verlossing eerder 'n genadegeskenk is wat ontvang word en nie verwerf word nie, is nie armoede of die uitdeel van aalmoese meer gesien as 'n verdienste voor God nie.

Armoede is nie meer gesin as 'n besondere vorm van seën deur die Here nie. Dit was 'n donker kol in die samelewing wat vanuit die ekonomiese samelewing aangespreek moes word. Geloof wat deur die liefde werkzaam word, begeer en soek óók die ekonomiese voordeel van my naaste!

Luther as "ekonoom"

As iemand wat erns wou maak met die onderrig van die Woord van God en hierdie Woord self uitgelê en toegepas het op sy wêreld, het hy ook te doen gehad met verskeie sosiale en ekonomiese probleme. Hy het homself as kampvegter opgestel vir die stryd teen onreg. Óók in die ekonomie. Die aanspreek van die lewensomstandighede van mense het hom aan die hart gegaan.

Hy het nie 'n blinde oog gedraai na sosiale wantoestande onder die skyn van geloof in die naderende einde van die wêreld nie. Selfs al sou Christus môre kom, is vandag 'n uitstekende geleentheid vir die plant van 'n boom! Luther se ekonomiese etiek is vir ons in menigte opsig van groot waarde. Tegelyk moet ons besef dat Luther se uitsprake oor die ekonomiese aspekte van die lewe, net soos die res van sy teologie, altyd 'n pastorale fokus het. Hy was nie besig as politieke ekonoom nie, maar as pastor van die gemeente.

In sy uitleg van die Skrif oor ekonomiese aspekte, interpreteer hy dit altyd as 'n ontmoeting met God self in die eerste plek. Ons ontmoet God nêrens in sy hemelse majesteit nie, maar altyd gekleed in sy

Môre se geskiedenis is alreeds geskryf:
In die naam van Jesus moet elke knie buig.

- E Kauffman

Woord en beloftes vir ons. Daarom kan hy soos volg skryf oor die ontmoeting met God op ekonomiese terrein: God sê: “Ek kies om nie na jou te kom in My heerlijkheid en in die teenwoordigheid van engele nie, maar in die vermomming van ‘n eenvoudige bedelaar wat vra vir brood.” Jy mag vra: “Hoe weet jy dit?” Christus antwoord: “Ek het aan jou in my Woord geopenbaar watter gedaante Ek sal aanneem en aan wie jy moet gee. Jy vaar nie op na die hemel, waar Ek aan die regterhand van my hemelse Vader is, om aan My iets te gee nie. Ek kom met vlees en bloed tot voor jou deur met die appel: “Gee My iets om te drink! ... Ek het nie behoefte aan voedsel in die hemel nie. Ek het al die pad van Judea gekom. Gee My iets om te drink. Ek het dit bekend gemaak aan die hele wêreld dat wát ook al gedoen is aan die geringste van hierdie broeders van my, aan My gedoen is”. Luther, die ekonoom, verkondig God se belofte en oordeel.

Middeleeuse ekonomie

Luther het reeds te doen gehad met die skuif van ‘n feodale ekonomiese opset na ‘n winsgebaseerde ekonomie. Een aspek hiervan was die gedagte dat die gee van aalmoese in jou guns kan tel in die verkryging van ‘n plek in die paradys. Die gee van aalmoese dien as betaling vir sondes en armoede op sig weerhou mense van sondes. ‘n Ideologie word op hierdie manier ontwikkel waarin alle fokus is op die gewer van aalmoese en nie die ontvanger daarvan nie. Die verligting van mense se ekonomiese nood kom eintlik glad nie in fokus nie. In die middelpunt staan die soeke van verlossing vir die siel van gewer en ontvanger van aalmoese.

Armoede was vir lank gesien as die ideale status vir die Christen. God is die God van die armes. Dit is ‘n ideologie wat naby staan aan die ideologie van “bevryding” van die armes in die twintigste en een-en-twintigste eeu. God sou ‘n voorkeur hê vir die armes. Tegelyk dien die armes die selfsugtige motiewe van rykes wat op soek is na ‘n manier om hul plek in die paradys te koop. Die armes word noodsaaklik vir die bereiking van selfsugtige doelwitte.

Koop en verkoop sonder geld

Die skema van verlossing waarvolgens armoede as

die ideale Christelike lewe voorgestel word en dit ook nog in die samelewing vasgeanker word deur die belofte van aardse en hemelse belonings op grond van die gee van aalmoese, het mense blind gehou vir die noodsaaklike veranderings wat dikwels nodig was in die sosiale strukture wat armoede in stand gehou het.

Luther het nie ‘n blinde oog gedraai na sosiale wantoestande onder die skyn van geloof nie

Die Bybelse leer van verlossing uit genade alleen, het hierdie armoede ideaal verpletter. Aangesien verlossing ‘n genadegeskenk is sonder enige menslike verdienste, verloor armoede en die gee van aalmoese hul betekenis en waarde. Ekonomiese uitbuiting kan dan in die volle lig te staan kom wat dit openbaar vir wat dit is. Armoede is geen Christelike ideaal meer nie, maar ‘n sosiale swakheid wat aangespreek moet word. Luther skryf soos volg daarvoor: “Armoede moet nie aanbeveel word, gekies of geleer word nie, want daar is genoeg armoede vanself, soos Hy sê (Joh. 12:8): ‘Die armes sal julle altyd met julle hê’, net soos daar baie ander euwels sal wees. Maar gedurige sorg moet bestee word dat, aangesien hierdie euwels altyd teenwoordig is, hulle altyd teëgestaan word”.

Vir Luther het dit beteken om die nood en onreg aan te spreek, strukturele veranderinge moes gemaak word. Hy het selfs op grond van die burgerlike wetgewing van Moses betrokke geraak by plaaslike regerings om maatskaplike programme, beleid en wetgewing vas te stel.

Kerkorde en gemeenskapskas

In 1522 bepaal Luther in die Kerkorde van Wittenberg dat ‘n soort gemeenskapskas daargestel moes word met die oog op maatskaplike betrokkenheid. Hierdie kerkorde het bedel verbied, rentevrye lenings gegee aan ambagsmanne wat dit moes terugbetaal indien enigsins moontlik en sorg gebied vir arm weeskinders, die kinders van behoeftige mense en jong vroue wat ‘n gepaste bruidskat met die oog op ‘n huwelik benodig het.

There are two freedoms:
the false freedom where a man is free to do what he likes,
and the true freedom where a man is free to do what he ought..

- C Kingsley

Wat gemaak met die moontlikhede dat hierdie gemeenskapskas misbruik kan word? Luther reageer soos volg: “Hy wat niks het om van te lewe nie, moet gehelp word. As hy ons mislei, wat dan? Dan moet hy weer gehelp word!” Dit het daartoe gelei dat teen 1523 voorsorg gemaak is vir maatskaplike programme in die kerkordes van stede soos Augburg, Leisnig, Neurenberg, Altenburg, Straatsburg, Breslau en Regensburg. Hierdie kerkordes was ’n konkretisering van Luther se oortuiging dat dit ’n Christelike verantwoordelikheid is om ekonomies betrokke te wees in die samelewing.

Daar word beweer dat die sleutel vir die verstaan van die karakter van ’n samelewing, geleë is in die manier waarop dit sy jeug en sy bejaardes behandel. In die woorde van die Kerkorde van Leisnig ontdek ons Luther en sy kollega’s se bedoeling met hul sosiale betrokkenheid: “Arm en verlate weeskinders in die stad en dorpie ... sal soos nodig voorsien word van opleiding en fisiese versorging deur die bestuurders van die gemeenskapskas tot op sodanige tyd dat hulle self kan werk en hul brood verdien”.

Indien daar tussen die weeskinders en kinders van verarmde ouers seuns is wat gewillig en geskik is vir onderwys en bekwaamhede toon in die lettere, sal die bestuurders van die kas hulle ondersteun en versorging aan hulle voorsien ... Daardie persone wat verarm het deur die mag van omstandighede en sonder die ondersteuning van familieleden gelaat is ... en hulle wat ongeskik is vir arbeid vanweë siekte en hoë ouderdom ... sal elke week op Sondag en by ander geleenthede soos die behoefte voordoen, onderhoud en ondersteuning vanuit die kas ontvang.

... Dit moet gedoen word uit Christelike liefde, tot eer en lof van God, sodat sulkes se lewe en gesondheid bewaar mag word van verdere agteruitgang, verswakking ... deur gebrek aan onderdak, kleding, voeding en sorg. Dit moet gedoen word sodat geen behoefte persoon in die gemeenskap ooit in die openbaar hoef te sreek, kla of bedel vir dit wat nodig is vir hul daaglikse sorg nie.”

Luther en geld

Oor Franciscus van Assisi het Luther ’n uitgesproke opinie. Hy dink nie dat Franciscus ’n bose man was nie, maar die feite bewys dat hy naïef of, beter gesê, dwaas was. Sy dwaasheid het daarin gelê dat Hy veronderstel het dat geld op sig boos was. Luther laat dan hoor hoe hy self dink oor geld. As silwer en goud op sig boos was, dan moet almal wat hulle daarvan weerhou, aangeprys word. Maar as geld goeie skeppings van God is, wat gebruik kan word vir die nood en behoeftes van ons naaste en tot eer van God, is iemand dan nie belaglik en ondankbaar teenoor God, indien hy hom daarvan weerhou asof dit boos is nie? Want dít (geld) is nie boos nie, selfs al is dit by geleentheid misbruik vir ydelheid en kwaad. Indien God vir jou rykdom gegee het, dank God en sorg dat jy goeie gebruik maak daarvan.

Geld is nie die heer wat ons lewens mag beheer nie, maar die gawe van God vir diens aan ons naaste en die opbou van die gemeenskap.

Dreiging van binne-uit (Nehemia 5)

C van den Berg

Kort situasieskets

In die eerste eeu na die ballingskap was Jerusalem nog ’n puinhoop gewees. Stukkende en swartgebrande mure. Hulle moes weer nuwe stadsmure van die grond af opbou, anders was jou lewe nie veilig en kon jy snags nie rustig gaan slaap nie.

Hulle is nou besig daarmee. Dit is ’n baie groot werk. Gelukkig help hulle almal saam - boere en burgers, vakmanne en amateurs, oud en jonk, manne en vroue. Almal is besig met die bou, behalwe (ongelukkig) vir enkele!

Die werk vorder goed. Dit mag ’n wonderwerk genoem word, want alles werk nie saam nie. Daar is teenstanders wat dit baie moeilik vir hulle maak. Vyande wat vir niks terugdeins nie en desnoods met geweld teen hul ingaan. Soms moet daar gebou word met die troffel in die een hand en ’n wapen in die ander. Maar hulle gee nie moed op nie. Saam

The opposite of joy is not sorrow.
It is unbelief..

- L Weatherhead

gaan hulle verder, totdat daar weer nuwe probleme opduik.

Die gemeenskap geskend (vers 1-5)

Eendag kom Nehemia agter dat iets nie reg is nie. Aan die geraas kan hy hoor dat daar iets groots aan die gang is. Nehemia gaan soontoe en sien dat daar heelwat mense betrokke is. Hulle maak 'n groot geraas. 'n Harde geroep word gehoor. Daar heers onenigheid.

Dit kan mens egter nie binne die volk van God hê nie. 'n Mens het mekaar juis baie nodig om saam 'n nuwe Jerusalem te bou met 'n plek vir elkeen. Waarom die rusie?

Baie keer gebeur dit as daar groot probleme is. Daar word moeities ervaar met die daaglikse onderhoud en eet moet daar geëet word. Met 'n leë maag kan jy nie werk nie. As dit so aangaan, word die nuwe Jerusalem nooit voltooi nie. Eerste kom vaders en moeders met groot gesinne aan die woord. Vers 2: *Ons seuns en ons dogters, ons is baie; ons wil koring hê, dat ons kan eet en lewe!* 'n Groot gesin is mooi: 'n seën van God (Ps. 127). Ook mooi by die bou van 'n nuwe Jerusalem - baie hande maak ligte werk. Tog kan 'n mens maar net op een plek op 'n slag wees. Diegene wat die hele dag aan die muur werk, kan nie op die land ook werk nie. En die muur moet wel voltooi word, so vinnig as moontlik. Groot gesinne is in die probleme, want daar is nie genoeg kos nie.

So is daar meerderes, byvoorbeeld mense wat hulle eiendom moes verpand om kos in die hande te kry. Vir sommiges het dit al hul goedere beteken: hul land, hul huis, alles. 'n Lening moes op die huis uitgeneem word om kos te kon kry. So het dit met baie klein boere gegaan.

Dan is daar nog 'n derde groep. Mense kom in finansiële moeilikheid omdat hulle belasting aan die koning moet betaal. Daardie geld leen hulle by ryk volksgenote, met hul grond en huis as onderpand.

Word Jerusalem net soos Babel (vers 5)

Die arme Israëliete kom in opstand teen die edeles en leiers, want hulle is die geldleners. Vir hulle is die bou van Jerusalem die beste tyd - hulle word

ryker en ryker. Hulle sien die een na die ander een wat hulle nader. By die armes is daar van dié wat hulle kinders moes verkoop. Dit is baie hartseer, maar nog altyd beter as om van die honger om te kom.

Kinders word as slawe verkoop. Dit is hoe dit gaan onder die bevolking van die nuwe Jerusalem. Die nood is duidelik baie hoog. Aan die buitekant lyk dit goed by die volk van God. Daar word saamgewerk, skouer aan skouer. Maar intussentyd!

Die Israëliete word slawe. Dit is 'n omgekeerde wêreld. Hulle is almal deur God vrygekoop uit Babel (net soos vroeër uit Egipte). Hulle is nie meer slawe in Babel nie, maar vry voor God in 'n nuwe Jerusalem. Ongelukkig word sommige nou weer as slawe verkoop. Dit dreig om soos in Babel te word en dan nie deur 'n vreemde se toedoen nie, maar deur die toedoen van 'n broeder!

'n Beroep op die broederband (vers 5)

Dit is opvallend hoe die klaers praat oor hul uitbuiters: *ons vlees is soos die vlees van ons broers!* Dink jouself in: hulle maak misbruik van jou swakheid en buit jou uit tot en met. Dit is genoeg om jou 'n hartaanval te gee en hulle iets aan te doen. Wat hoor jy hulle dan ook nog sê? Broeders! Met ander woorde: ons is tog familie van mekaar, van dieselfde vlees en bloed. Dit doen 'n beroep op dit wat saambind.

Nie om iemand stukkend te skreeu en weg te vloek nie, maar om iemand aan te spreek op die eenheid wat daar is: ons is één familie en saam volk van God. God het elkeen van slaaf tot 'n vrye kind van Hom gemaak. Almal is terug vanuit Babel in Jerusalem. Dan bring hulle Babelse toestande tot binne in Jerusalem?

Ongelooflik dat dit by God se kinders so ver kan gaan. Saam besig wees in één gemeente met allerlei dinge en intussentyd vasgevang wees deur jou eie begeertes. So in die greep van geld en invloed of aansien wees, dat dit ten koste van ander gaan.

Jy kan baie leer van die houding van die klaers. Hulle loop nie weg en laat hul plek leeg by die bou nie. Hulle doen eerder 'n beroep op hul gemeenskaplike afkoms. Saam is jy kind van God

Al wat jy nodig het om 'n ketter te wees,
is 'n bietjie intelligensie en 'n bietjie hoogmoed

- Onbekend

en as jy kind van God is, dan sit jy jou ook in vir 'n lewe as broers en susters.

Skuldiges aangespreek (vers 6-7)

Nehemia is briesend as hy hoor van die ellende: hy word baie kwaad. Hy haal nie net sy skouers op, koel en onverkillig nie; nee, hy is tot diep in sy binneste hierdeur geraak. Gaan hy toe direk daarop in? Nee, hy oorweeg eers alles baie goed. Hoe pak 'n mens so iets aan? Hy moet eers daarvoor nadink. Die manier waarop jy probleme aanpak, sê baie.

Nehemia doen twee dinge. Hy rig hom eers apart tot die edeles en leiers. Hulle is die skuldiges. Hy vertel eerlik vir hulle wat verkeerd is: hulle woeker. Hulle vra veels te hoë rentes en maak misbruik van iemand anders se moeilike situasie. Dit lyk tog baie sleg as jy 'n groot verband op jou huis moet uitneem sodat jy kan eet.

Dat 'n mens so in mekaar gesit is en mekaar uitbuit, selfs 'n kind van God. Vinnig in die greep van die geld. Hy het slegs oog vir homself en nie vir die ander een nie. Dit is vreeslik hartseer, maar Nehemia noem dit eerlik. Dit is 'n baie gevoelige saak om iemand aan te spreek oor hoe hy met sy geld omgaan. Baie keer reageer iemand erg verontwaardig: hoekom druk jy jou neus in my sake? Dit is tog my sake! Tog lê Nehemia sy vinger op die seer plek in 'n aparte onderhoud met die skuldiges.

Vervolgens roep hy 'n volksvergadering bymekaar. Dit gaan oor 'n saak waarby baie betrokke is en oor die herstel van die gemeenskap. 'n Algemene vergadering met die edeles ingesluit.

Skuld gesien en erken (vers 8)

Nehemia kom met 'n indringende les. Dit wat hyself in die vreemde gedoen het, plaas hy nou naas dit wat hier in Jerusalem gebeur. In Babel het hy Joodse slawe losgekoop van die heidene. Hy het geen wins daaruit gemaak nie, juis die teenoorgestelde. Maar hy het dit oor vir sy broer. Om in die vreemde te lewe is al moeilik genoeg en as 'n slaaf word jou ellende slegs groter. 'n Regte slawekamp soos vroeër in Egipte. Watter kind van God kan toekyk as sy broer so diep wegsak? Dit is

jou eie vlees en bloed. 'n Broer waarvoor jy lief is, vir hom het jy baie oor.

So gebeur dit vër van Jerusalem in 'n vreemde land: Nehemia het broeders losgekoop van die heidene. Maar in Jerusalem gebeur presies die teenoorgestelde: daar moet die een broer homself verkoop aan 'n ander een. Dit is bitter. 'n Omgekeerde wêreld in die stad van God, die stad van vryheid en vrede.

Wat is die rykes se reaksie? Hulle swyg en het geen antwoord nie. Hulle is met stomheid geslaan. Is dit ek? Doen ek dit? Hulle probeer nie hulself regverdig deur die ander te probeer oortuig nie. Hulle swyg en het geen antwoord nie.

Wandel in vrees voor God (vers 9)

Nehemia voeg nog iets by. Hy roep hulle op om te 'wandel in die vrees voor God'. Dit is die medisyne wat nodig is om te leer om anders te dink en te doen: vrees God! Ervaar diepe ontsag vir God. Wees diep onder die indruk van wat Hy wil doen. Raak só al hoe meer beheers deur wat Hy sê.

'n Gebrek aan vrees vir God is die oorsaak van die ellende in Jerusalem. Dit is ook die oorsaak dat geldsug en ánder kwaad mense in sy greep beetkry. Omgang met God word gekenmerk deur ontsag vir God. Hoe anders sal jy terugdeins van 'n sonde af? Waar godsvrees verminder, word mense gemakliker en onverskilliger.

'n Mens lees gereeld oor 'beef voor God' in die Bybel. Oor 'beef vir die woorde van God' (Esra 9:4). Dit is een van die kenmerke van godsvrees. Daar is nog wat ons kan opnoem:

- dit gryp jou aan dat Hy daar is en tot jou spreek;
- jy kry diepe bewondering vir wie Hy is;
- dit is vir jou moeilik om teen Sy wil in te gaan;
- spot van teëstanders raak jou baie diep.

Dit is onbegryplik dat die een broer in Jerusalem die ander een verkoop. Waar kry jy dit in 'n gesin! Bevryde mense maak mekaar tot slawe: dit dra die kroon van dwaasheid.

Kinders begin soos Vader lyk (vers 10)

Diegene wat by God behoort, leer baie ander dinge van Hom. Jy leer by Vader in die hemel wat

Missions is not the ultimate goal of the church.
Worship is. Missions exists because worship doesn't.

- AJ Piper

kwytstkelding beteken. In vers 10 staan die woorde: skuld kwytstkeld. Die gedagte kom uit 'n ander wêreld; uit God se wêreld en nie ons s'n nie. Die een wat skuld kwytstkeld, verloor sy geld. Jy is geneig om te dink dat jy jousef dan benadeel.

Maar die wat by God behoort, leer om anders te dink en te lewe. Jy lê nie meer die klem op jou geld nie, maar leer om 'n woord soos kwytstkeld as mooi te ervaar. Dit is mooi omdat dit iets is wat by God behoort. Hoe anders wil jy by Hom lewe? Jy weet wat jy elke dag self van Hom vra, gesien jou eie skuld.

Ken jy dit: om iets aan iemand te leen en dit later tot 'n geskenk te maak? Sulke dinge gebeur nie natuurlik nie. Jy moet dit by Christus leer, deur minder oor jou eie ditjies en datjies te praat. Deur meer te praat oor geskenke van God vir jou en vir mekaar. Om saam te deel en saam te lewe.

'n Gewaarskuwde man tel vir... (vers 12-13)

Nehemia hou die lewe met God aan die rykes voor: alle skuld kwytstkeld en alle goed teruggee. Hulle reaksie: hulle gee hul ja-woord. Pragtig om so 'n reaksie te mag meemaak.

Maar daar volg nog iets. Ja-sê en ja-doen is wel twee verskillendedinge. Jy kan vriendelik ja-knik en vervolgens alles laat soos wat dit was. Nehemia vra van die rykes om ook nog 'n eed af te lê. Hy bind hulle dit sterk op die hart.

Hy voeg nog 'n waarskuwing daarby, 'n soort bedreiging. Ek dink maar net aan wat hy met sy kleed doen: Nehemia skud sy klere uit. Ons sal ons sakke leegskud. Jy kom met leë hande te staan as jy nie jou woord nakom nie. Jy word in die openbaar ontbloot deur God, want die eed wys na God. So 'n eed is besonder klemmend, maar wel op sy plek! Ook vir God se kinders. Ons is so: geneig om terug te kom op ons woord of terug te kibbel.

Dan die reaksie van die hele vergadering. Die hele gemeente sê: Amen. Nie in die betekenis van: dit is verby nie, maar in die betekenis van: so is dit! As antwoord op die toespraak van Nehemia. Regtig ook 'n reaksie uit geloof: geen gegil en geskreeu van al die mense nie, maar: Amen.

Aan die einde ook nog 'n lied: 'n loflied vir die HERE. Ere aan wie eer toekom. Dat mense leer om anders te dink en doen, is Sy werk. Hoe kom mense sover dat hulle loskom van geld en goed? God doen dit. Wanneer ons leer om Hom te vrees.

Die gemeenskap gelei (vers 14-19)

Jy moet Nehemia bietjie vergelyk met die vorige stadhouers! Hulle het belasting gevra. Dit mag: gee die keiser en die stadhouer wat hulle toekom. Wat hulle vra is soms nie min nie.

Nehemia vra nie dit nie. Jy kom in 'n ander wêreld. Die reg op belasting is daar, maar nie die vraag daarna nie. Dit hoef nie en is ook nie verpligtend nie. Nehemia is 'n man wat gee en gee. Hy help met die bou, hy gee elke dag maaltye aan 150 manne en betaal daarvoor uit sy eie sak.

'n Wonderlike wêreld - wys wie God is en watter motiewe beweeg: liefde vir God, vir Sy volk en stad. Nie in die greep van geldsug nie, maar oog hê vir swakkes en armes. So is God. Dit is absoluut skitterend as 'n mens volgens die beeld van God vernuwe word.

Is die egter nie spog met jou eie verdienste nie? Nehemia kom self met hierdie dinge na vore. Eén ding: Nehemia was nie 'n volmaakte mens nie. Tog was hy ook geen Fariseër nie. Ek sien dit meer in die verlengde van wat Petrus eenkeer gesê het vir Jesus: ons het alles verlaat en U gevolg.

Nehemia eindig ook nie deur te pronk nie, maar met gebed. 'n Bede van 'n regverdige. 'n Bede aan God self: dink aan my. Nehemia bid nie 'n dankgebed dat hy nie is soos hierdie of daardie een nie. Hy bid of God aan hom sal bly dink en aan die werk wat hy vir God mag doen. Die werk moet voortgaan.

Vandag bid ons Leier daarbo: die Here Jesus. Ook Hy bid of Sy werk voltooi mag word. Sy werk vir ons en aan ons: die bou aan Sy gemeente. In godsvrees!

As a bird with a broken wing is "free" to fly but not able,
so the natural man is free to come to God, but not able

- L Boettner